Naam

# Dolfyne

1 Seker almal van ons het al die manewales van dolfyne in 'n akwarium gesien! Dolfyne is klein, slim walvisse. Hulle is soogdiere wat onder die water geboorte aan hulle kleintjies gee. Tydens die geboorte beskerm twee ander dolfynwyfies die moeder teen haaie. Na die geboorte word die dolfynkalfie gehelp na die wateroppervlak vir sy eerste asemteug.

2 Die kalfie word, soos ander soogdiere, gevoed met melk. Vir dae na die geboorte fluit die dolfynma aanhoudend vir haar kalfie. Dit help die kalfie om sy ma te identifiseer.

3 Die dolfyn se oë is baie goed ontwikkel. Hulle kan onder die water, sowel as bo die water, baie goed sien. Hulle kan ook afstand skat – dit is waarom hulle deur hoepels kan spring.

4 Die dolfyn haal asem deur sy neusgate, wat soos 'n spuitgat bo-op sy kop sit. Dolfyne eet vis of seekatte. Dolfyne word vir militêre doeleiendes gebruik. Hulle kan byvoorbeeld met plofstof na 'n spesifieke punt gestuur word.

5 Ongelukkig, word dolfyne deur die mens bedreig. Die kuswaters word besoedel en die viswaters word oorontgin. Hoe jammer sal dit wees as hierdie dier deur die mens uitgewis word!

LIVEWORKSHEETS

**Dolfyne – Vrae:**

1. Hoekom fluit die dolfynma vir haar kalfie?

    ______________________________________________________________(1)

2. Waarom kan dolfyne deur hoepels spring?

    ______________________________________________________________(1)

3. Waarteen beskerm die twee wyfies die moeder tydens geboorte?

    ______________________________________________________________(1)

4. Noem twee goed wat dolfyne eet.

    ______________________________________________________________

    ______________________________________________________________(2)

5. Benoem twee faktore wat die dolfyn bedreig.

    ______________________________________________________________

    ______________________________________________________________(2)

6. Skryf die volgende woorde oor in die verkleining:

a.) dolfyn ________________________ b.) soogdier ________________________

c.) geluid ________________________ d.) seekatte ________________________(4)

7. Voltooi die volgende trappe van vergelyking:

| Stellende trap | Vergrotende trap | Oortreffende trap |
|---|---|---|
| goed | | |
| | slimmer | |
| | | kleinste |

(6)

LIVEWORKSHEETS

LIVEWORKSHEETS